

2 September

Skrifgedeelte: Genesis 12:10-20
Fokusgedeelte: Genesis 12:16, 17

Pasop dat hulle nie slegte getuienis ontvang nie – Mislukte getuienis

Of jy dit nou wil weet of nie, jy het 'n invloed op jou omgewing. Daardie invloed is egter nie altyd of noodwendig positief nie, al is jy kind van die Here.

Die gestuurde van God kan baie skade aanrig. Inplaas daarvan om tot seën van sy omgewing te wees, kan jy eerder 'n vloek word! Dit spreek duidelik uit die lewe van Abram. Hierdie man wat bereid was om selfs sy eie seun in gehoorsaamheid aan God te offer, hierdie man wat uitgelooft sy tentpenne uittrek en onvoorwaardelik 'n vreemde toekoms binnestap, word vir 'n koning en sy huis 'n vervloeking.

Van die kantlyn af beskou, is dit maklik om Abram te veroordeel. Wat hy aanvang, sal die meeste getroude manne teen die bors stuit. Dink net – om jou vrou aan 'n ander man af te staan, net om jou eie bas te red. Nie die optrede wat mens sou verwag van die vader van die gelowiges nie!

Hoe gebeur so iets? Dit kan net plaasvind as die gestuurde van God se vertrouwe in God taan. As eiebelang, eie veiligheid en eie welvaart bo God se wil prioriteit kry. Dan betree ek die wêreld nie net vanuit die verkeerde basis nie, maar dan dien my lewe niemand tot seën nie. Op die oog af mag dit vir almal lyk asof die Here my seën. Heel dikwels is dit eerder die wêreld wat aan my goeddoen, soos die geval met Abram.

Ja, dan mor en brom ek selfs saam met die massas oor die swaar plaas wat die samelewing tref, sonder om te beseft dat ek 'n deel daaraan het.

Kyk daarom 'n slag indringend na jou eie lewe. Dien jou lewe en getuienis tot seën van jou omgewing? Of het jy dalk ook lankal, heel subtiel, 'n kompromie aangegaan en jou Sarai aan die vors van hierdie wêreld afgestaan?

Sing: Psalm 146:1-3 (1936)

Ds. D Pansegrouw (Hoëveld)